/

Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

Old Mmabatho High Hostels,
Dr Albert Luthuli Drive,
Mmabatho
Private Bag X2044,
Mmabatho 2735
Tel.: (018) 389-8149 / 389-8094
Fax: (018) 389-8244
e-mail: gopanek@nwpg.gov.za

GENERAL AND FURTHER EDUCATION TRAINING SERVICES
CURRICULUM DEVELOPMENT SERVICES

FET (SCHOOLS)

# Afrikaans

# Tweede Addisionele Taal

# Graad 11

# Taak 7

# Vraestel 1

# 6 Junie 2016

# Punte: 120

# Tyd: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

1. Beantwoord AL die vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Kyk- en Leesbegrip | VRAAG 1 | 30 punte |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | 10 punte |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3-5 | 40 punte |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 6-7 | 40 punte |

2. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
3. Trek ’n streep na elke afdeling.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat ’n reël oop na elke antwoord.
6. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A 50 minute
   AFDELING B 30 minute
   AFDELING C 40 minute
   AFDELING D 30 minute

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL.**

Lees die onderstaande stuk en beantwoord die vrae.

## Waarheen, Soweto?

1. Dit is ‘n plek wat baie as hulle tuiste beskou het. ‘n Plek waar ‘n mens vry was om kind te wees. In Soweto het die meeste kinders hulle vrye tyd op die straat deurgebring. Die strate van Soweto was vol mense wat jy kon vertrou - vriendelike gesigte en rolmodelle.
2. Soweto is een van die grootste stede in Suid-Afrika; selfs oorsee word van hom gepraat. Dis bekend vir sy mense – sy leiers en sy jeug.
3. Die strate van Soweto was vroeër dikwels die toneel van konfrontasie tussen die polisie en die toi-toiende jeug. Soweto se mense is veral deur een ding bymekaargebring: die stryd om vryheid. Sy mense het soos broers en susters geleef. Hulle het dinge vir mekaar gedoen. Almal het hul bure geken.
4. Maar staan Soweto nog bekend vir die betrokkenheid van sy mense? Sal die Soweto-jeug erken word as die jong mense wat eendag die land na die beter dinge sal lei? Sal die jeug van ons tyd eendag rolmodelle vir ander wees?
5. Soweto het verander. Dit is nie ‘n mooi verandering nie. Daar is geen respek meer nie, geen outoriteit, geen reëls. Vertroue en eerlikheid is dinge waarvan ouers slegs hoor of lees. Wat het met ons gemeenskap gebeur?
6. Die oudstes van Soweto is nie meer rolmodelle nie. Hulle help om ons jeug en stad se reputasie te vernietig. Hulle skep probleme, want hulle dink hulle kan enige iets doen omdat hulle die leiers is. Vandag kom ‘n pa huis toe nadat hy dae of selfs weke nie by die huis was nie. ‘n Ma verneuk haar man met die buurman. Wat het geword van mense wat ons moes leer van wat reg is en wat verkeerd is?
7. Die skole in Soweto het ‘n donker plek geword. Onderwysers het verhoudings met skoolkinders. Onderwysers hou nie skool nie of hulle kruip in die personeelkamer weg. Hoe kan skoolkinders opsien na onderwysers wat dronk skool toe kom? Dit is vir die jeug van Soweto ‘n skande.
8. Die skoolkinders in die skole het geen respek vir hul voorkoms nie. Hoe kan hulle dink om skool toe te kom in vuil, stink klere?
9. Sal die skole in Soweto ooit weer ‘n plek kan word waar dit veilig is? Waarom word skoolkinders deur bendeleiers verkrag en doodgemaak? ‘n Meisie kan nie in Soweto in die nag rondloop nie. In die hele Soweto is daar geen plek wat heeltemal veilig is teen tsotsi’s en ander boewe nie.
10. Die strate van Soweto het verander van ‘n plek van geluk na ‘n plek van verskrikking en pyn. Geen wonder mense trek na die wit voorstede nie. Hulle neem hulle gesinne weg van al hierdie gevaar in Soweto.
11. Is ons stad daarmee heen? Of sal Soweto tog onthou word vir sy dapper jeug?

**(Refiloe Moloi - LEES VIR ALMAL)**

1.1 Watter plek word as ‘n tuiste vir almal beskou? (1)

1.2 Waar het die meeste kinders hul vrye tyd deurgebring? (1)

1.3 Noem twee redes waarvoor Soweto bekend is. (2)

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.4) en die letter (A-D) neer.

Soweto se mense is veral deur een ding bymekaargebring. Wat is hierdie een ding?

A. Vryheid as kind.
B. Betrokkenheid van mense.
C. Die stryd om vryheid.
D. Werksgeleenthede vir almal. (1)

1.5 Noem drie dinge wat Soweto baie negatief verander het? (3)

1.6 Verduidelik waarom die volgende stelling **onwaar** is.

Die groot mense van Soweto is goeie rolmodelle vir die jeug. (1)

1.7 Hoekom, dink jy, misbruik (*abuse*) die mense hul posisies as leiers? (1)

1.8 Skryf **drie** agtereenvolgende woorde uit paragraaf 7 neer wat vir ons sê dat die skole in Soweto in die moeilikheid is. (1)

1.9.1 Wat doen die onderwysers verkeerd wat die skole se bestaan (*existence*) in Soweto bedreig (*threaten*)? Noem twee redes (2)

1.9.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die korrekte antwoord neer.

Die tipe verhoudings wat die onderwysers met die kinders het, het ‘n (negatiewe/ positiewe) uitwerking (*effect)* op die kinders se skoolwerk. (1)

1.9.3 Waarom, dink jy, sal die ouers nooit hierdie optrede (*conduc*t) van die onderwysers aanvaar (*accept*) nie? (1)

1.10 Watter gevare (*danger*) staar (*face*) die meisies in Soweto in die gesig? Noem net een gevaar. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.11) en die letter (A-D) neer.

‘n Tsotsi is iemand wat mense…

A. gesond maak.
B. beskerm.
C. verkla by die polisie.
D. roof en doodmaak. (1)

1.12 Hoe het die strate van Soweto verander? (1)

1.13 Hoekom, dink jy, trek die mense uit Soweto? (1)

1.14.1 As daar van die jeug van Soweto gepraat word, dink ‘n mens onmiddellik aan ‘n geskiedkundige gebeurtenis (*historical event*) wat al daar plaasgevind het. Watter geskiedkundige gebeurtenis is dit? (1)

1.14.2 Gebaseer (*based*) op jou antwoord op 1.14.1. Watter vakansiedag (*holiday*) word elke jaar op die 16 Junie gevier (*celebrate*)? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.15) en die letter (A-D) neer.

Soweto is in … provinsie.

A. Gauteng
B. Noordwes
C. Kwazulu- Natal
D. Mpumalanga (1)

1.16 Hoe, dink jy, kan die probleme in Soweto opgelos word? (1)

1.17 Sal jy eendag in Soweto wil bly? Motiveer jou antwoord. (1)

**Teks B: Visuele Teks**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.

| CB - puntelys | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Die jongste(*latest*) puntestand (*log*) in die volgorde gespeel, gewen, gelykop, verloor, bonuspunte en ligapunte is:** | | | | | | |
| **Spanne** | **S** | **W** | **G** | **V** | **BP** | **P** |
| WP | 7 | 6 | 0 | 1 | 5 | **29** |
| Goue Leeus | 7 | 5 | 0 | 2 | 5 | **25** |
| Haaie | 7 | 4 | 1 | 2 | 2 | **20** |
| Pumas | 7 | 4 | 0 | 3 | 3 | **19** |
| Cheetahs | 7 | 3 | 1 | 3 | 5 | **19** |
| Blou Bulle | 7 | 3 | 0 | 4 | 2 | **14** |
| Griekwas | 7 | 2 | 0 | 5 | 3 | **11** |
| OP-Kings | 7 | 0 | 0 | 7 | 1 | **1** |

1.18. Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die puntestand (*log*) hierbo is vir (sokker/rugby). (1)

1.19 Hoeveel wedstryde (*matches*) het die OP-Kings verloor? (1)

1.20 Hoeveel wedstryde het die Cheetahs gelykop gespeel? (1)

1.21 Hoeveel wedstryde het elke span al gespeel? (1)

1.22 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (1.22) en die korrekte letter (A-D) neer.

Die vier top spanne is:

A. Cheetahs / Blou-Bulle / Griekwas / OP-Kings
B. Haaie / Pumas / Cheetahs / Blou Bulle
C. WP / Goue Leeus / Haaie / Pumas
D. WP / Blou Bulle / Goue Leeus / OP-Kings (1)

1.23 Wat, dink jy, moet die OP-Kings doen om in die top spanne te eindig? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B:** **OPSOMMING**
**VRAAG 2**

Bestudeer die onderstaande teks en maak ŉ opsomming.

Instruksies:

- Skryf SEWE maniere **hoe om water te spaar,** neer.
- Die sewe feite moet PUNTSGEWYS opgesom word.
- Die opsomming mag nie langer as 60 WOORDE wees nie.
- Laat ŉ reël oop tussen elke feit.
- Elke feit moet in ŉ volsin wees.
- Dui die aantal woorde aan.
- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Indien jy nie die instruksies volg nie, sal jy punte verloor.



**Volksblad**

## Spaar water en lag later

1. Een van die eerste plekke om water te bespaar, is in ons eie badkamer.
2. Onthou om die kraan toe te draai terwyl jy jou tande borsel.
3. ‘n Lekkende kraan kan sommer maklik dertig liter per dag mors. Herstel ‘n stukkende kraan dus vinnig.
4. Na ‘n lang  dag se werk is ‘n mens lus vir ‘n lekker warm bad. Probeer eerder om vir vyf minute te stort as om in ‘n vol bad te lê.
5. Badwater en skottelgoedwater wat nie te vuil is nie, kan gebruik word om plante en grasperke nat te gooi.
6. As jy jou plante en grasperk met ‘n tuinslang nat spuit, doen dit vroeg in die oggend of laat in die aand wanneer dit koel is.
7. As jy jou kar met ‘n tuinslang was, mors jy tot drie honderd liter water. Gebruik liewer twee emmers en spaar so water.

**TOTAAL AFDELING B** **[10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3:**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




(www.google)

3.1 Wat is die naam van die produk wat hier geadverteer word? (1)

3.2 Wat is die doel van die groot letters in die advertensie? (1)

3.3 Op wie is die advertensie gemik? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf die vraagnommer (3.4) en die korrekte letter (A-D) neer.

Die woord **skakel** beteken om te…

A. klop
B. bel
C. sing
D. praat (1)

3.5 Is die volgende stelling **'n feit** of '**n mening**?

"Nooit meer honger nie" (1)

3.6 Gee die meervoud van die woord **manier.** (1)

3.7 Die woord "verloor" bestaan uit die volgende lettergrepe:
ver – loor

Verdeel nou die woord "**beperk"** in lettergrepe. (1)

3.8 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die letter (A-D) neer.

Die woord ***"lean"*** beteken…

A. Vet / groot
B. Skraal / slank
C. Honger / dors
D. Mooi / pragtig (1)

3.9 Skryf die volgende woorde oor en vul die leesteken in wat uitgelaat is.

Mans vroue en kinders kan hierdie produk (*product*) gebruik. (1)

3.10 Wie, dink jy, sal op hierdie advertensie reageer? (1)
**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: SPOTPRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




(Beeld 23/09/2014)

4.1 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd.**

Jeremy vat Sara vir 'n piekniek.
Begin só: Jeremy het… (1)

4.2 Skryf die sin in die **indirekte rede**.

Sara sê: Jy is romanties.
Begin só: Sara sê dat… (1)

4.3 Skryf die sin in die **toekomende tyd.**

Jeremy en Sara geniet die piekniek.
Begin só: Jeremy en Sara sal… (1)

4.4 Skryf die sin in 'n vraagsin. **Begin met die onderstreepte woord**.
Jy <u>**he**</u>t dit alles vir my gedoen. (1)

4.5 Skryf die sin oor in die **lydende vorm**.

Jeremy bring 'n mandjie.
Begin só: 'n Mandjie… (1)

4.6 Verbind die sinne hieronder met die **voegwoord** tussen hakies.

Sara is bly. Hulle hou piekniek. (omdat) (1)

4.7 Skryf die korrekte **trap van vergelyking** van die woord tussen hakies.

Jeremy se vrou is (kort) as hy. (1)

4.8 Kies die korrekte **voorsetsel** tussen hakies.

Sara en Jeremy sit (langs/op) die kombers. (1)

4.9 Gee die **intensiewe vorm** van die onderstreepte woord.

Jeremy se koeldrank is **koud**. (1)

4.10 Skryf die woord wat in die sin met 'n **hoofletter** gespel moet word, neer.

Sara mojahi wil met Jeremy trou. (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

**5.1 TEKS F: LEESTEKS**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

(5.1.1)Wat is lees

1. (5.1.2) Het jy al ooit 'n kind sien lees?
2. Hulle konsentreer terwyl hulle (5.1.3) oog oor die bladsy beweeg.
3. Jy mag hulle dalk (5.1.4) (sien/kyk) glimlag of hulle kop skud.
4 Stadige leerders neem een woord op (5.1.5) (die/'n) slag in.
5 Sommige lesers kry dit reg om 'n hele (5.1.6) (rêel/reël) op 'n slag te lees.
6 Daar is (5.1.7) (spoed+lees+kursusse) wat jou help om (5.1.8) (vinnig) te lees.
7 Daar is 'n storie van 'n (5.1.9) (dogter).
8 Toe hy (5.1.10) (8 jaar) was, het hy nie meer na boeke met illustrasies gekyk nie
9 en oorgegaan na (5.1.11) (boeke) wat net woorde gehad het.
10 Hy het gesê: (5.1.12) "Ek bly is." " Nou kan ek my eie maak prente".
11 Lees is pret. (5.1.13) Dit is ook oor leer.

5.1.1 Vul die regte leesteken in die titel. Skryf die titel oor en onderstreep die **leesteken**. (1)

5.1.2 Skryf die onderstreepte sin in die **ontkennende vorm**.
Begin só : Het jy nog … (1)

5.1.3 Gee die **meervoudsvorm** van die onderstreepte woord. (1)

5.1.4 Kies die korrekte **werkwoord**. (1)

5.1.5 Kies die regte **lidwoord**. (1)

5.1.6 Kies die regte **spelling**. (1)

5.1.7 Skryf die drie woorde as **een woord**. (1)

5.1.8 Gee die **vergrotende trap** van die onderstreepte woord. (1)

5.1.9 Gee die **teenoorgestelde geslag.** (1)

5.1.10 Skryf die getal in **woorde** uit. (1)

5.1.11 Gee die **verkleiningsvorm** van die woord. (1)

5.1.12 Skryf die twee onderstreepte sinne in die regte **volgorde.**
Begin só: Ek … (1)
Nou kan ek my… (1)

5.1.13 Skryf die onderstreepte sin in die **verlede tyd**. (1)

**5.5 TEKS G: PRENT**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.



**[WWW.GOOGLE]**

Kies telkens die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

5.2.1 Die gesin ry met (motorfietse/fietse). (1)

5.2.2 Die kind ry in die (middel/midel). (1)

5.2.3 Die pad waarop hulle ry is (skoon/vuil). (1)

5.2.4 Die kind is ‘n (seun/meisie). (1)

5.2.5 Hierdie (gesin/familie) bestaan uit drie persone. (1)

5.2.6 Daar is twee (klein/groot) fietse. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**